



KAMMANUUS

Nommer 317

14 November 2011

'n Publikasie van Onsdorp.com

TOULEIER



Yade kry yslike hupstoot van Kammanuus-leser

Dagsê julle,

Ek moet afskop met die fantastiese nuus van die R10,000 wat een van ons lesers, Ingrid Hoffmann, aan Yade geskenk het. Baie dankie Ingrid. Ons wens jou 'n gelukkige aftrede daar teen die hange van Duiwelspiek.

Vir ons nuwe lesers, Yade is 'n vrywilligersorganisasie wat verskeie woonhuise in Bloemfontein omskep het in plekkies waar hulle van ons hawelose oumensies huisves en omsien na hul nood. Hulle is uiters afhanklik van donasie van die publiek en Onsdorp se lesers skenk gereeld.

Daar is verskeie van julle wat 'n maandelikse geldjie inbetaal in my rekening wat ek dan weer aan Yade stuur sodra daar 'n redelike bedrag is. Tans staan die saldo op R1300, nog nie genoeg om aan te stuur nie.

Elders in die nuusbrieff is die bankbesonderhede as jy die Krismis ietsie wil bydra tot hierdie goeie saak. R20 van elke R120 wat ek ontvang van julle Kammanuus-jaargelde gaan ook aan Yade.

Midde-Oosterse insig

Laas week bring Christo van Wyk met 'n glimlag vir my 'n kwaliteitskontrole vorm waarop een van ons Indonesiese ingenieurs geskryf het: "Stop this Insanity!" Dis 'n formele kontrak waarop ons goedkeuring moet teken dat werk behoorlik en volgens peilgedoen is. "Voor jy hom uittrap, hoor eers wat hy te sê het," maan Christo my.

Ek roep Anwar in om te verduidelik. Hy vertel my toe die kontrakteur dien keer op keer dieselfde vorm in sonder om dit wat verkeerd is, reg te maak. Volgens hom is die definisie van gekheid om dieselfde verkeerde ding oor en oor te doen en dan elke keer 'n ander uitslag te verwag.

Later ry dieselfde Anwar saam met my op die universiteitsterrein en 'n motor swaai voor ons in. Ignoreer toetentaal die toegeeteken. Klaar geskrik, merk ek skertsend op dat hy nes 'n Indonesiër bestuur.

Anwar is dadelik op die verdediging. Hy voel seker steeds sensitief omdat hy twee keer sy bestuurstoets hier in Katar moes oordo. "Ek kan goed bestuur, meneer," begin hy verduidelik. "Die eerste keer sit die toetsbeampte langs my en net soos daai bestuurder so pas, steek daar ook 'n motor oor die stopstraat voor ons. Ek wou nog aanhou ry toe skree die man hier langs my, Stop, Stop!, het jy nie die kar gesien nie? Hoekom stop jy nie?"

Anwar sê toe hy wou probeer verduidelik dat die kêrel dan 'n stopstraat probeer oorsteek, sit die man net terug en merk op: "Jy moes gestop het, het jy dan nie gesien dis 'n Katarie nie?"

Vir my gaan daar toe ook nog 'n liggie op. Ek verstaan nou 'n bietjie beter hoekom die lokale lapkoppe bloot hulle hoofligte agter jou flits en dan nie kan verstaan hoekom jy nie dadelik oorskuif na 'n ander baan nie. Al is daar nie plek om oor te skuif nie. 'n Ander mentaliteit.

"Ja" sug ek teenoor Anwar, ons moet maar aanhou opvoed en oplei en probeer besef ons is in hulle land, hulle slawe."

Van 'slawe' gepraat, ons maak tagtig persent op van die bevolking van Katar. Sesduisend van ons is Suid Afrikaners wat hier woon en werk.

"Net nie te vinnig opvoed nie" is Anwar gou om wal te gooi. Hy vertel verder, "Toe ek die toetsbestuur insident aan my pa oorvertel, het hy gereken ons moet nie te hard probeer om hulle te gou slimmer te maak nie. Sodra hulle genoeg weet, het hulle ons nie meer nodig nie. Intussen hou ons hulle dom en onself onderdanig. Dan vat ons hulle geld solank soos ons kan."

Ons kla tog te maklik met 'n witbrood onder elke arm.

Hennie Greeff

Doha, Katar

UITGEWER VAN KAMMANUUS



Om die kampvuur

Uitdrukings en woorde wat wip

(Met erkenning aan onder andere Herman Lategan in Rapport van 11 September 2011 en Joan Hambidge in 'n artikel oor C. Louis Leipoldt se kookkuns in Rapport van 4 September 2011).

Vaaljapie: Natuurlike, onverwerkte wit wyn, dikwels van minderwaardige gehalte, ook genoem raaswater of slingersous.

Slegs 'n katspoegie ver: Baie naby.

Musiekpiering: Kompakskyf (CD)

Die geblikte deuntjie van die roomyskar: Eentonig, aanhoudend, raserig.

Slonshemp: T-hemp. So deurmekaar soos 'n verkleurmannetjie op 'n Smartie-boks (dit verduidelik alles!)

Loslippig: Praat maklik.

'n Kluitjie bak: 'n Leuen vertel. (Is kluitjie nie die mooiste woord nie?)

Kontantgewasse: Oor-, neusen keelspesialiste se benaming vir mangels.

Hy's die ene wawielore: Luister aandagtig

'n Stasiereëntjie: Daardie reënbuitjie wat mos altyd uitsak, nes jy ná werk smiddags huiswaarts keer.

Dubbele betekenis

WATSENAAMS

Vroulik: Enigiets onder 'n kar se enjinkap.

Manlik: Die ding waarmee 'n bra vasgemaak word.

KWESBAAR

Vroulik: As jy jousef emosioneel teenoor iemand openbaar.

Manlik: As jy krieket speel sonder 'n boks.

KOMMUNIKASIE

Vroulik: Om onvoorwaardelik jou gevoelens met jou metgesel te deel.

Manlik: 'n Nota op die yskas voordat jy saam met die manne uitgaan.

Goeie Ou Dae

'n Leser het hierdie faktuur uit 1980 in 'n laai raakgeloop en aangestuur:

VALENCIA KAFEE

(Eien – W.O. VAN WYK – Prop
Tel 18 Posbus 75
CITRUSDAL 7340

Koffie 2	0.50
Braaigeregte/Grills	---
Braai brood/Toast 1	0.40
Toebroodjies/Sandwiches 1	0.65
Melkskommels/Milk shakes	---
Koeldranke/Cool drinks 1	0.25
1 Kaas omelet	1.00
1 Polony Toast	0.40
TOTAAL	R3.20

ONTHOU JULLE NOG?

"Hulle noem my Liewe Heksie, Maar Levinia is my naam Ek's die slimste heksie wat ek ken

En ek was al op die maan . . ."



Het jy geweet?

'n Hond hoor klanke wat 100 keer dowwer is as die dofste klank wat die mens kan hoor. As jy 'n geluid hoor wat 10 meter weg is, kan die hond dieselfde klank op 'n afstand van 100 meter hoor.

Van alle diere is dit die muskiet wat die meeste sterfgevälle veroorsaak het.

Met hoenderlewer kan jy A-tipe bloed in O-tipe verander.

'n Mol kan in een nag 'n tunnel van 80 meter grawe.

Tot in die 15de eeu was daar geen punktuasie nie (en dis steeds vreemd vir baie mense wat hulle tot skrif wend).

Praktiese wenk

Gebruik 'n drukbottel, soos dié waarin tamatiesous kom, om jou pannekoekbeslag in die pan te kry sonder om te mors.



(En hoe kry jy die beslag in die bottel sonder om te mors?)



Duskantlander in Anderkantland

As dokters siek raak in Antarktika

Deur GERARD DE JONG

'N Dokter is altyd deel van 'n oorwinterspan hier in Antarktika. Nie net by die Suid Afrikaanse basis nie, maar ook by die ander basisse hier in Antarktika waar daar oorwinter word, want die basisse nie gedurende die winter deur reddingspanne bereik kan word nie. Maar wat gebeur as die dokter self iets oorkom? Hier is 'n paar ware verhae.

Ons voorgangers, SANAE 49, se dokter is tydens die 2009-'10 somerroomame beseer. Dr. Lowellen Clarke het gehelp met die aan- en af haak van sleë. Sleë van meer as twintig ton word deur trekkers gesleep wat self tot 20 ton weeg. Daar moet mooi gewerk word om die trekker en die slee só te belyn dat 'n pen in 'n gat geplaas kan word om die slee aan die trekker te koppel.

Tydens so 'n poging het Dr. Clarke se regter middelvinger op 'n verkeerde plek beland en die punt is vergruis. Gelukkig was die dokter van die vorige oorwinterspan nog hier en sy kon help. Dr. Clarke is per helikopter na die Duitse Neumayer-basis geneem vir behandeling deur drie chirurge.

Die punt van sy vinger moes geamputeer word. Dr. Clarke het verkies om aan te bly as deel van die SANAE 49 oorwinterspan. Hy het in Februarie 2010 teruggekeer na SA.

Daar was ook ander gevalle hier in Antarktika. In 1961 het Dr. Leonid Rogozov van die Russiese Nove- basis blindedermp probleme gekry. Hy moes self sy blindedermp onder lokale verdoving verwyder. Hy het volkome herstel.

'n Ander geval met 'n minder goeie einde is dié van dr. Jerri Nielsen van die Amerikaanse Amundsen-Scott-basis. Dr. Nielsen het gedurende die 1999 oorwinter periode borskanker by haarself gediagnoseer. Sy het self 'n biopsie gedoen.

Omdat geen vliegtuie gedurende die winter daar kon land nie, is toerusting en medikasie met 'n valskerm neergelaat en sy kon dadelik met behandeling begin. Gedurende Oktober van daardie jaar kon sy terugkeer na Amerika vir verdere behandeling.

Sy is in Junie 2009 aan kanker oorlede.

In April 2001 het Dr. Ron Shemanski galsteenprobleme ontwikkel. Hy was gelukkig en kon dadelik terug gaan na Amerika, waar hy behandel is. Hy het volkome herstel.

As niks verkeerd loop nie, het dokters hier in Antarktika 'n baie rustige werk. Ek weet nie of dit die koue is, of die baie knoffel wat ons eet nie, maar ons word nie siek nie. Geen verkoues of griep nie. (wingerdgriep uitgesluit). Ons word blootgestel as die nuwe span aan die einde van die jaar hier arriveer. Hulle bring die nuutste virusse vanuit die buitewêreld saam.

Daar moet seker nog heelwat gevalle wees waar dokters en ekspedisielede beseer is. Volgende keer vertel ek van dié wat minder gelukkig was hier by die Suid-Afrikaanse basis.



Dr. Jerri Nielsen

Taaljuweeltjies

UIT DIE WORDEBOEK VAN DIE AFRIKAANSE TAAL (WAT)

Njannieskapêla *tw.(geselstaal) (<Xh. of Z. yinyaniso kuphela, "dit is net die waarheid"). Dit is waar, of dit is regtig so; sinoniem njannies: Jy moet my belowe njannies-kapêla, dat jy nooit weer na hierdie hut toe sal gaan nie (A. Morgan, Huisgenoot 17 Aug. 1989, 130.)*

Ek breek 'n groen vy af, wag vir die druppel melkies om uit te lek, smeer dit aan die vrat en blaas, blaas maan toe. En njannieskapêla! Weg was daardie vrat (M. Opperman in Landbouweekblad, 20 Oktober 1954, 63)



Uit die wakis

Feite, Flaters, Fiksie en Fabels

Toeris oorleef koue treinrit

IN AUSTRALIË het 'n Amerikaanse toeris 2½ uur lank aan die buitekant van 'n trein vasgeklou onderwyl dit tot teen 120 km/h deur die Australiese wildernis gery het.

Chad Vance het by 'n stasie afgeklim om sy bene te rek terwyl hy tussen Adelaide en Darwin op reis was. Toe die trein skielik begin beweeg, het hy op die platformpie tussen twee passasierswaens gesprong, maar hy kon nie toegang tot die wa kry nie.

Vance is uit sy penarie bevry toe die treintegnikus sy desperate hulpkrete gehoor het.

"Hy is baie gelukkig," het die tegnikus gesê. "Sy vel was wit en sy lippe blou toe ek hom gered het."

Gay pikkewyne word 'aanneem-ouers'

TWEE GAY pikkewyne het in 'n Duitse dieretuin aanneemouers geword.

Z en Vielpunkt is deel van 'n klein kolonie gay pikkewyne by die dieretuin in Bremerhaven, waar 'n eier wat deur die moeder verwerp is, aan hulle gegee is. Die paar het die eier suksesvol uitgebroei en is besig om die kleintjie saam groot te maak.

"Hulle tree dieselfde op as wat 'n mens van 'n heteroseksuele ouerpaar te wagte sal wees," het 'n woordvoerder gesê.

Dokters help man vol naalde

IN CHINA het dokters meer as 100 naalde verwyder wat onder 'n pasiënt se vel was. Liu Lijian (46) het in Ezhou in Suid-China hospitaal toe gegaan met klagtes dat hy skietende pyne ondervind.

X-strale het getoon dat hy dwarsoor sy lyf, behalwe sy kop, met naalde besaai is.

Lijian het gesê hy het as kind baie met naalde gespeel, maar kan nie onthou dat hy hulle onder sy vel ingestek het nie.

Nes jy dink jy ken jouself . . .



DIE OU vlieënier het in die restaurant gaan sit en koffie bestel toe 'n jong meisie langs hom kom sit.

"Is jy 'n regte vlieënier?" vra sy.

"Wel," sê hy, ek het my hele lewe lank tweevlerke gevlieg, en Cubs, Aeroncas, Neiuports. Ek het in die Teede Wêreldoorlog gevlieg, later in die Koreaanse oorlog. So ja, ek dink ek is 'n regte vlieënier. Wat van jou?"

"O, ek is 'n lesbiër. Ek dink die hele dag lank aan kaal vroue, van ek opstaan tot ek gaan slaap."

Hulle het hul koffies in stilte gedrink.

'n Rukkie later kom sit 'n jong man langs die ou vlieënier.

"Is jy regtig 'n vlieënier?" vra hy.

Hy antwoord: "Ek het altyd gedink ek is een, maar ek het so pas ontdek ek is 'n lesbiër."

Spesiale herdenking



Ons meisie word groot!

SPESIALE VERJAARDAG HERDENKING

Monica Lewinsky word 50!

ONTHOU julle nog vir Monica Lewinsky?

Kan julle glo, sy het aan die begin van November 50 jaar oud geword!

En dit voel soos nou die dag toe sy in die Withuis op haar hande en knieë rondgelopen en alles in haar mond gedruk het!

Dis makliker om die hele mensdom lief te hê as om jou buurman lief te hê.

-- Eric Hoffert

As jy jou mes in koek druk en dit kom skoon uit - hoekom sit jy nie al jou messe in die koek nie?

-- Max Wall



Giggels

Merk jou bydrae GIGGELS en pos dit aan pos@onsdorp.com



Nie almal het 'n kruise nie.

KLEISPELETJIE

Die seuntjie sit op die sygaardjie en maak rugbyspelers van klei - Bakkies, John Smit en Habana. 'n ANC LP lid kom verby en vra: "Hoekom maak jy nie die 3 groot M's nie: Malema, Mugabe en McBride?". Die seuntjie sê: "Ek speel mos met klei, nie met bollie nie".

BAIE ARM

Ons was so arm toe ons klein was. Ons het ons Vaseline op ons lippe gesit sodat die mense kan dink ons het tjoppies geëet.

KOM ONS DOEN DIT WEER

Vrou: "Seks , seks, seks! Jy praat net altyd oor seks! Praat eerder 'n slag oor die weer!"
Man: "Oukei dan. Wanneer doen ons dit WEER?"

GOEIE RAAD

Koos is van geboorte hewig skeel en skryf 'n brief aan die dokter. Die dokter skryf terug met die voorskrif: "Plaas twee eiers op oë vir vyf minute elke dag. Hou behandeling vol vir twee maande".

Koos rapporteer binne 'n dag per e-pos aan die dokter se spreekkamer.

"Hallo Dokter,

"Ek het my eiers net tot by my naeltjie kon trek, toe kom my oë vanself reg. Dit was moer seer, maar ek sien soos 'n uil! Dankie!"

PIET EN DIE KAT

Piet haat sy vrou se kat en besluit om van hom ontslae te raak. Hy vat die kat en ry so 2 km ver en smyt hom uit die kar uit. Toe hy by die huis kom, wag die kat vir hom.

Weer laai hy die kat en ry so 5 km weg en smyt hom uit.

Kom by die huis, en hier wag die kat weer vir hom.

Hy laai weer die kat en ry 'n baie lang ent, tot in 'n vreemde woonbuurt. Dan links, dan regs, dan 'n ent terug, dan weer links en regs en gooi uiteindelik die kat weer uit.

Ná 'n ruk bel hy sy vrou en vra of die kat by die huis is.

"Ja," sê sy. "Hoekom?"

"Gee die foon vir die blerrie kat. Ek het in my moer in verdwaal."

VASBERADE


Koos tel 'n Engelse stukkie in 'n kroeg op en vra: "Jou plek, of myne?"

Sy sê: "I'm sorry, I'm on my menstrual cycle."

Hy sê: "Dis niks, ons laai hom sommer in my bakkie."

Om 'n verhouding te beëindig en te besluit om vriende te bly is soos om jou hond te hou nadat 'n lorie hom doodgerly het.

DIE TOWENAAR VAN ID deur Parker




Aan almal oor 50

Waar kan alleenlopende mans oor 50 jonger vroue kry wat in hom belang stel?	Probeer 'n boekwinkel of biblioteek. Kyk onder Fiksie.
Wat kan 'n man doen as sy vrou deur menopause gaan?	Bly besig. As jy handig is met gereedskap, kan jy die kelderverdieping voltooi. As jy klaar het, sal jy 'n blyplek hê.
Hoe kan jy jou man se hartklop versnel as hy oor 50 is?	Sê vir hom jy is swanger.
Wat kan ek doen om van daai aaklige plooië ontslae te raak?	Haal jou bril af. As dit nie help nie, haal jou bra af.
Hoekom gebruik mense oor 50 parkeeraanwysers?	Sodat hulle weer hul motors kan vind.
Slaap mense rustiger as hulle ouer word?	Ja, gewoonlik in die middag.
Waar moet jy jou bril soek as jy oor 50 is?	Gewoonlik op jou voorkop.
Wat is die algemeenste sêding as mense oor 50 by 'n oudhede-winkel instap?	Haai, kyk – ek onthou dit! Ons het so een gehad toe ek klein was!

Glimlag! Jy het darem nog humorsin!

EVOLUSIE





Deel 7

Die onfikses word fiks –Werb ook!

**DIRK BOSHOFF**

vertel van sy opleiding voor sy deelname aan die Grensoorlog in Angola.

Met vuurwapenhantering moet jy jou R2 mos soos jou meisie hanteer. "En as jy nie 'n meisie het nie dan het jy nou een!"

Jy moet val sonder om jou hande te gebruik (dit kan jou lewe red in skietgevegte, 'n fraksie van 'n sekonde kan jou lewe kos as jy nie reg afgaan grond toe nie). Almal staan reg vir vuurwapenopleiding. "Lê-houding en laai!" word op ons geskree. Dit beteken dat jy uit die staande posisie grond toe moet val en jou vuurwapen gereed moet kry om te vuur - alles in een beweging. Jou geweer mag nie eerste grond raak nie.

Maar nee, een van die manne sukkel en ploeg met die loop van die geweer in die grond . . . "Staan op jou . . . rowerrrr!" Jy hanteer jou meisie soos *scrap!* bulder die korporaal. "Sit jou wapen op die grond neer en val jouself vrek langs haar. Julle maatjie werk weer nie saam nie!"

So val ons onself in 'n ander bloedgroep in, staan op, lê-houding en laai, staan op, lê-houding en laai totdat die bloed uit ons elmoë loop en klippies en grond soos ou kougom aan jou elmoë en bloed vasplak.

Dan dril ons. Arms reguit, voete beweeg gelyk, alles georden. "Lick-lac-lick-lac-haaayyy, en 'n lic-lac-lic-lac haaayyy", en so gaan ons aan. Werb sukkel, sy boepens bly in die pad en sy arms swaai met stewige buitebewegings na voor en agter.

"Julle maatjie Werb is besig om julle in die rug te steek rowersss! Reguit met daardie arms, rowerrrr!"

Maar so word ons wat reeds fiks was, fikser, die onfikses fiks en verloor almal gewig. Dié wat reeds nie 'n ons vet gehad het toe hul met opleiding begin het nie raak deurskynend en Werb verloor 43 kg in 3 maande!

Ná twee maande kon ons almal 'n naweekpas kry. Ons het onself oorgegee aan die slegtigheid. Maar Sondagaand moet jy weer terug wees of die Moeras Paddas was op jou.

"As jy nie in die veld kan oorleef nie kan dit jou lewe kos."

Met die eerste inspeksie ná 'n naweekpas hoor jy dit weer: "Julle lyk weer vol sifilis, rowersss, ons moet dit uit julle kry. Stem julle saam?" En wat kan jy nou anders sê as "Ja, korporaal!" En dit is weer die liter water, 2,4 km draf en wat daarop volg.

Ons word toe vir gevorderde opleiding na 'n plek in die bos geneem. Daar skiet ons skerp ammunisie, slaap in die reën as jy nie 'n behoorlike gras-en-tak plekkie vir jou kon bou nie. Ons skiet oor verskillende afstande en kry punte. Ai, een man skiet wanneer hy nie moes skiet nie. "Trrrrrrrrr!" gaan die masjiengeweer onbeskaamd af, nogal op outomaties. Iemand kon seerkry. Vloekwoorde en die woede van drie orporaals daal neer. Dis al weer sulke tyd. Die R2-geweer is swaar en ons almal word gestraf. Magasyn word afgehaal en die wapens op veilig gestel. Op ons hurke met die R2 in ons hande wat ons reguit voor ons moet hou vir minute wat soos ure voel. As een moeg raak en sy arms laat sak, ontgeld ons dit almal.

As jy nie in die veld kan oorleef nie, kan dit jou lewe kos. Ná die strawwe oefening is ons terug na ons hoofbasis in Pretoria. Ons kry weer naweekpas. Manne se humeure is kort weens min slaap en eet.

Ná die naweekpas is die korporaals steeds hard op hul vlugte. Ons korporaal hanteer ons heelwat beter.

Ons wen die kompetisie vir die fiksste en beste dril vlug in die hele basis. Ons korporaal het ons afgebreek in die grond in, maar nie sodat ons dit nie kon hanteer nie, en daarna het hy ons as 'n span opgebou.

Inspeksies was daar nog, maar hy was minder streng en ons het gesorg dat ons nie kansse waag nie. Ons was trots op ons groep en ons het ná ons voorstellingsparade 'n vriend in korporaal Van Rooyen gehad. Min ander kon dit sê. Ons word uitgeplaas na groter basisse. Ek gaan Waterkloof toe, waar ons nog gevorderde opleiding kry. Ons is amper op pad grens toe . . .



Só maak mens!

Kammanuus se eie tuisnywerheid

Deur RETHA KRUGER

Oorspronklike Esmé en Jan resepte #18

INGEMAAKTE SPAGHETTI

Resep nr. 143 vir 1969

1 koppie Asyn	3 koppies suiker
¼ koppie sout	1 koppie fyn appelkooskonfyn
25 stywe tamaties	2 pakke spaghetti
1 teelepel peper	1 teelepel fyn neut
½ teelepel fyn naeltjies	

Kook spaghetti volgens aanwysings op die pakkie - nie te sag nie. (±20 minute is genoeg).

Maal tamaties en kook saam met ander bestanddele, behalwe asyn, vir 20 minute.

Vryf deur 'n sif.

Voeg by spaghetti en asyn.

Bottel warm.

Die volledige bedankingslys sal ná afloop van al die plasings verskyn. Die volledige reeks sal ook in e-boekformaat beskikbaar gestel word. Dié wat egter nie tot dan kan wag nie, kry jou KAMMANUUS!

STAMBOOM

COETZEE

coetzee.ma@dhet.gov.za

My oupa se name was Andries Francois Coetzee en hy het in Irene, Centurion gewoon. My pa se name was Maatjan Coetzee en ek het sy name gekry.

Wil graag uitvind oor die oorsprong van die naam Maatjan, asook meer oor die familiegeskiedenis. K

HOLTZHAUSEN

helgard_h@hotmail.com

Ek werk aan die stamboom van die Holtzhausen-familie in SA. Ek het al 27 variante van die van opgespoor wat almal nageslagte is van ons stamvader Johann Andreas, wat ongeveer 1729 vanaf Duitsland na SA gekom het. Kontak my sodat jy ook op die stamboom ingesluit kan word!

PISTORIUS

maryrudd@webafrica.org.za

Ek het die meeste van die Pistorius-gesin op myheritage.com gelys as Pistorius RSA Five Brothers, van hul aankoms in Suid-Afrika in 1838 uit Duitsland. Kontak my gerus as u belangstel in die inligting of indien u enige vrae het. Mary.

SWANEPOEL

frederick.swanepoel@gmail.com

Ek is opoek na informasie van Frederick/Frederik Willem Johannes Swanepoel. Ek is die 5de of 6de naamgenoot en wil graag my familieboom bywerk.

Die probleem met diëte is nie wat jy eet nie, dis wat jy insluk.

My dokter het gesê ek moet ophou om intieme aandetes vir vier te hou. Tensy daar drie ander mense is. -- Orson Welles.

SÓ TEKEN JY IN OP KAMMANUUS

As jy lekker lees aan Kammanuus en dit dalk selfs vir 'n paar vriende aanstuur, kan jy dit gerus oorweeg om in te teken en te help om die onkoste te dra.

Intekengeld : R120 per jaar. Hiervan skenk ons R20 aan die Yade-tehuise vir bejaardesorg.

Ons Bank: Eerste Nasionale Bank - Sandton
Rekeninghouer: Tsamma Enterprises. Tipe Rekening: Tjek
Rekeningnommer: 620 596 474 23 Takkode: 254 605



AGTEROS

Net voor uitspantyd

Petalje met 'n perdekar

"Die perde vlie weg met die spoed van wit lig. As hulle tyres gehad het, sou hulle swart strepe op die grondpad gelos het."

Deur **APIE DE KLERK**

Enige volbloed Vrystaatse klong sal vir jou kan vertel hoe verloop Sondag ná ete op 'n Vrystaatse plaas. Ná 'n feesmaal van rys, vleis, aartappels en pampoen, altyd saam met varsgebakte boerbrood en 'n l-a-n-g sous, gevolg deur of asynpoeding met *custard* (ons het nie van "vla" gepraat nie) of nasionale poeding met vars room uit die *sepperyter*, het 'n man se honger darem wragtig boepens rondgeloop.

Onmiddelik nadat ons opgestaan het van die tafel af, is daar afgedek en ons word die Leviete voorgelees: "Ons gaan bietjie lê, julle kinders moet ook nou gaan rus, EN ONS WIL JULLE NIE HOOR NIE!"

Rus? Met die hele plaas en al die dinge wat gedoen kan word daar buite? Ons is ewe gehoorsaam natuurlik kamer toe, waar ons lê en wag tot ons geen beweging meer in die ou mense se kamer hoor nie. Skuif dan saggies die ou houtraamvenster op (daai wat nog met toutjies en katrolletjies oormekaar geskuif het) en UIT is ons!

Ant Kinnie het natuurlikgewet ons is uit, maar nooit iets gesê nie. Hoe sal sy nou ook in haar wysheid ons pret bederf.

Sondagmiddag op 'n plaas in die Vrystaat is seker die beste voorbeeld van wat die Groot Woord bedoel wanneer hy sê: "En op die sewende dag moet jy rus en geen werk doen nie," want dit is presies wat die ou mense gedoen het: hulle het gerus.

Maar jong, lewenslustige seuns se idee van rus is natuurlik om allerhande onheilighede aan te vang waarvoor daar nie gedurende die week tyd was nie as daar geplou of gestroop of geslag moes word.

So besluit ek en Hennie toe om in oom Schalk se "smidswinkel" aan die ou Floretskoeter te gaan werk waarmee ons op die plaas rondgery het as ons nie op die trekkers was nie.

Dis nou wat vandag bekend staan as 'n werkswinkel of garage. Daar was tot 'n rêrige blaasbalk. Die Floret moes opsluit gediens word, en ons wou lankal iets aan sy *beat* gedoen het, hy het nie genoeg na ons sin geraas nie.



Terwyl ons toe nou so aan die Floret se binnegoed krap, kon ons so in die verte hoor hoe die plaasvolk by die stat anderkant die spruit kuier en gesels. Hulle praat mos altyd teen die hoogste moontlike volume, en die kindertjies baljaar en lawaai. Ek glo nie hulle het geweet van daai gebod nie.

Hennie sê nogal hy sien gereeld as die bure se volk met hulle perdekar verbykom ná die gekuier, en dit lyk altyd of hulle die verlore slaap inhaal terwyl die perde so lui-lui aanstap terug na die buurplaas toe.

Nou moet julle weet, oom Schalk se smidswinkel het een so 'n klein venstertjie aan die padkant gehad waardeur mens die grondpad tussen Excelsior en Tweespruit kon sien. Die buurplaas se volk het gewoonlik vroeg Sondagoggend daarlangs gery om vir ons volk te kom kuier, en dan weer laterig, as die son begin water trek, teruggery huis toe.

Duidelik het die koringbier (daar is eintlik 'n beter naam, maar ek mag dit nie gebruik nie) nou al sy trek gekry, en almal op die perdekar sluimer in terwyl die perde rustig aanstap.

Ek kon daai dae 'n koelrankbotteltjie op 20 tree keer op keer aan flarde skiet met 'n kettie. My Bata Toughees het nooit tonge gehad nie want ek het hulle uitgesny om kettie velle te maak (en my ma het my gatvelle afgehaal daarvoor!) en ons het die rekke van trekkertjoepe gemaak en ek daag enige haasrek-windgat uit om beter te skiet.

So werk ons toe nou aan die Floret die Sondag toe ek beweging in die pad uit die hoek van my oog tref. Ek sê toe vir Hennie: "Lyk my die bure se mense is op pad terug huis toe, seker uitgekuier."

"Ja," sê Hennie, "die perde is net so aan die slaap soos die passasiers." En ons kyk mekaar in die oë.

Briljante idees tussen twee mense wat dieselfde dink het nie woorde nodig nie. Ek kon sien wat Hennie dink, en hy kon sien wat ek dink. Lomerige perde en passasiers, ketties in ons gatsakke, venster met 'n perfekte uitsig op die teiken? Watter volbloed Vrystaatse klong sal NIE weet wat hom te doen staan nie?



Ons draf na die venster toe, maak dit oop, en wragtig, hier kom 'n perdekar in die laatmiddagson aangestap, met die stoffies wat so teen die sakkende son opstyg en die drywer vas aan die slaap met die leisels in sy hand en die ou Madala en sy vrou met hul voete wat oorhang agter oor die kar se *tailgate*. Koppe op die bors, twee of drie kleintjies wat voor lê en slaap.

Ek en Hennie kyk vir mekaar en woordeloos kom ons ooreen: ek is die kettie-kampioen.

Ons het toevallig die oggend 'n ou *bearing* opgetel wat van een van die trekkers afgehaal is, hom met die vierpond hamer stukkend geslaan en die ghoens uitgehaal. Julle weet mos, daai kleineriges so groot soos 'n alabaster, en uitstekende kettie-ammunisie.

Toe die twee perde so mooi regoor die venster kom, vat ek dooie rus op die vensterbank en laat waai met 'n ghoen. Ek sien hoe slaan die stof op die perd se regterboud uit toe die ghoen hom tref, en ek kon hoor hoe los hy 'n regte, egte perdepoep!

Manne, waar was julle! Daai perd ruk sy kop op en sy maat kry terselfde tyd Hennie se ghoen teen die nek. Ek dink die perde het gedink dis oordeelsdag. Hulle altwee laat sak hul agterstewes amper tot op die pad en toe vlie hulle weg met die spoed van wit lig. As hulle *tyres* gehad het, sou hulle swart strepe op die grondpad gelos het.

Die drywer ruk agteroor en verloor die leisels, hy val skuins gatoorkop terug in die perdekar, bo-op die kleintjies wat lê en slaap, en dié dink hulle word aangerand en gaan aan die gil.

Madala en ou Gogo wat agterop sit wou nog reageer, toe is daar nie meer 'n perdekar onder hulle nie.

Gelukkig val altwee agteroor op die naat van hulle rûe in die pad. 'n Perdekar is mos nie juis hoog van die grond af nie. Hoe die drywer dit reggekry het om nie af te val nie, sal ek nooit weet nie, maar hy moes op een of ander stadium daar naby Excelsioir weer beheer oor die voertuig gekry het, want omtrent 'n uur later het hy die twee ou mense, wat net daar langs die pad bly sit het, kom haal, nog steeds vaal in die gesig en vol stof, maar niemand het darem ernstig seergekry nie, dit kon erger gewees het.

As ek vandag daarvoor nadink, besef ek hoe ernstig hulle kon seergekry het, maar dit was nog steeds skreeusnaaks om te aanskou. Gelukkig het oom Schalk nie daarvan te hore gekom nie, want ons sou seker vandag nog nie behoorlik kon sit nie.

En hier eindig die pret – maar net tot 31 November, wanneer doe volgende **KAMMANUUS** in jou elektroniese posbus val.